Woordelys

Agterryer – Swart of bruin man wat sy werkgewer tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (of Anglo-Boereoorlog) van 1899-1902 vergesel het. Hy het vir hom gekook, sy perd versorg, loopgrawe gegrawe en in die algemeen al die ondergeskikte takies verrig. Hy het ook as 'n spioen en verkenner opgetree en het soms vir die Boerekommando help veg.

Amabutho – Regimente in die Zulu-leër, ingedeel volgens die manne se ouderdom; soms ook werkspanne.

Amagogotya – Die Xhosanaam wat vir "ongelowiges" gegee is wat die profesieë van Nongqawuse verwerp het. Die woord sinspeel op "hardheid" of "suinigheid" en hou in dat die ongelowiges hul eie selfsugtige belange bo die belange van die nasie in sy geheel gestel het.

Amagqoboka – Xhosa-uitdrukking met die letterlike betekenis "dié wat deurboor is" deur die Christus-boodskap, d.w.s. bekeerlinge tot die sendelinge se Christendom. Die sinspeling is dat hulle 'n gat in hul hart het en dat die Christelike geloof deur daardie gat binnegegaan het.

Amakholwa – Letterlik "gelowiges", d.w.s. mense wat in die Christelike leer van die sendelinge glo. Histories word die woord gewoonlik gebruik om die swart gemeenskappe van die Natalse sendingstasies te beskryf, wie se Christelike geloof 'n liefde vir opvoeding en vir markgerigte landbouproduksie omvat het.

Antropogeneties – Deur mense veroorsaak.

Antropomorfies – Iets waaraan eienskappe eie aan die mens toegeskryf word.

Apartheid – 'n Term wat vir die eerste keer deur 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk gebruik is om gesegregeerde kerke en eredienste te bevorder. Dis later na politieke en ekonomiese instellings en baie sfere van sosiale omgang uitgebrei. Dit was regeringsbeleid tussen 1948 en 1992.

Assegaai – Spies wat deur Khoi-Khoi en Ngunisprekendes gebruik is.

Bandiet – Gevangene wat deur die VOC in die Ooste aan 'n misdaad skuldig bevind is, meestal niepolities, en tot handearbeid aan die Kaap gevonnis is.

Baster – In die Kaapse distrik, iemand wat buite-egtelik gebore is; in trekboer- en grensgebiede, iemand van gemengde Khoi-Khoi en Europeër-herkoms of, minder dikwels, slaaf en Europeër-herkoms; enigeen wat as lid van die Bastergemeenskap aanvaar is.

Bijwoner – In die reël 'n wit Afrikanerman wat op die plaas van 'n grondeienaar woon en in ruil vir sekere dienste 'n loon of 'n deel van die opbrengs ontvang.

Bittereinder – Iemand wat teen 'n groot oorwig tot aan die einde van 'n oorlog bly veg. Vir die eerste keer gebruik vir Boere wat in die guerrillafase van die Suid-Afrikaanse Oorlog geveg het.

Koolstofdatering – Metode om organiese materiaal wat in argeologiese opgrawings aangetref word, te dateer. Dit berus op die feit dat alle lewende plante en diere die radioaktiewe isotoop koolstof-14 in 'n ekwilibrium met die atmosfeer bevat. Wanneer hulle doodgaan en ophou asemhaal, breek die koolstof-14 in 'n vasgestelde en bekende tempo af. Deur die hoeveelheid te meet wat in die skulp, houtskool, been of ander organiese materiaal oorgebly het, kan 'n mens bereken hoe lank gelede die plant of dier doodgegaan het. Dit is betroubaar vir monsters wat minder as 35 000 jaar oud is.

Kliëntskap – Stelsel of praktyk wat deur sterker of ryker mans gebruik word om armer en swakker mans op 'n manier wat tot albei se voordeel is, te beheer en te beïnvloed.

Kommando – Berede eenheid bestaande uit burgers aangevul deur Khoi-Khoi en, later, deur Ngunisprekendes. Kommando's is aan die grens vir sowel aanvalle as verdediging gebruik.

Corps Pandoeren – Hulpkorps (1791-1799) van Khoisan en Basters wat deur die VOC saamgestel is; onder die Britte het dit die Cape Regiment geword.

Dagga – *Cannabis sativa,* wat as dwelmmiddel gerook word; dit is deur die Portugese uit die Ooste ingevoer.

Difaqane – Kyk *Mfecane*.

Dopper – Lid van die kleinste en teologies mees behoudende van die Gereformeerde kerke in Suid Afrika.

Drosdy – Ampsgebied van 'n landdros; ook sy ampswoning.

Droster – Slaaf, soldaat of bediende wat die diens sonder verlof verlaat het; ook hulpbehoewende mense in die algemeen.

Eenlopende – Amptelik ongetroude wit man wat alleen gewoon het, of saam met 'n vrou wat nie 'n Europeër is nie.

Fiskaal – Openbare aanklaer.

Vryburger – Persoon wat nie in diens van die VOC was nie en vry was om grond te besit of te huur, om sekere beroepe te beoefen en om 'n amp te beklee.

Groepsgevoel – Term wat dikwels in die apartheidsideologie gebruik is om na 'n gevoel van eensgesindheid met die eie etniese groep te verwys.

Heemraad – (mv. *heemraden*); Lid van die groep van heemrade wat die landdros met die administrasie van 'n distrik bygestaan het.

Hensoppers – Republikeinse burgers wat in die Suid-Afrikaanse Oorlog vrywillig oorgegee het.

Here XVII – Die sentrale raad van direkteure van die VOC.

Imam – Godsdienstige leier van die Moslems.

Inboek – Gebruik waardeur 'n Khoisan- of swart jeugdige verplig is om as 'n plaasarbeider te werk totdat hy of sy 'n sekere ouderdom bereik het; ontvang gewoonlik geen loon nie, maar wel kos en klere.

Inboekeling – Term wat in die tydperk 1850 tot 1870 vir ingeboekte swart kinders in die Boererepublieke gebruik is, 'n status wat deur sommige as na aan slawerny beskou word.

Indoena – Zulu-woord wat gesagspersoon of hoofman beteken; deur die opperhoof aangestel.

Ithola – Xhosa-woord vir krygsdokter, wat die leër tydens militêre operasies gedokter en dikwels met die formulering van militêre strategie gehelp het; daar is geglo dat hy die vermoë het om die uitslae van veldslae te voorspel.

Izigodlo – Vroueregimente ingedeel volgens die vroue se ouderdom; gewoonlik werkspanne.

Joiners – Republikeinse burgers wat in die laaste fase van die Suid-Afrikaanse Oorlog aan die Britse kant geveg het.

Kaffer – Alledaagse naam wat deur sowel amptenare van die VOC as die burgers gebruik is vir gevangenes wat as hulppolisie in Kaapstad opgetree het.

Kaffereatnik – Winkelbediende wat in konsessiewinkels en eetsale op die myne gewerk het.

Kaptein – Gesagspersoon in politieke instellings van die Griekwas.

Karos – Mantel wat van vel of leer gemaak en oor die skouers gedra is.

Kneg – 'n Man, gewoonlik wit, wat deur iemand anders in diens geneem was, gewoonlik as opsigter.

Kraal – Nedersetting, gewoonlik sirkelvormig, van Khoi-Khoi-hutte; later ook algemeen gebruik as benaming vir die tradisionele nedersettings van swart mense; 'n omheining waarbinne vee gehou was.

Arbeidspag – Vorm van plaasarbeid waar die arbeider, benewens sy loon, plant- en weidingsregte ontvang het.

Landdros – Hoofadministrateur en magistraat van 'n distrik.

Leningplaas – Grond wat deur die regering vir bewoning uitgegee is, onderworpe aan die betaal van huurgeld.

Litvak – "Litause" Jood.

Madressa – Skool vir Moslemkinders.

Mafisastelsel – Afrika-praktyk waar hoofmanne of ryk mans beeste aan armer mans vir tydelike gebruik leen.

Manumissie – Die proses waarvolgens 'n slaaf vrygestel word.

Mardijker – Vryswarte uit die Oosterse gebiede van die VOC.

Mfecane – Reeks oorloë wat in die 1820's en 1830's tot massale ontwrigting en herstrukturering van die swart samelewing in Natal en op die hoëveld aanleiding gegee het.

Afvalhoop – Afvalhope van skulpe het ontstaan waar jagter-versamelaars aan die kus van skulpvis geleef en die skulpe saam met ander oorskot soos bene, klipwerktuie en volstruiseierdoppe weggegooi het.

Mud – Droë maat naastenby gelyk aan een hektoliter.

Ngwato – Verwys na die Bamangwato, destyds onder die heerskappy van Sekgoma I, wat by Shoshong in die huidige Botswana gesetel was.

Onderdorp – Armer deel van 'n dorp, waar rasse voor die 1950's dikwels geïntegreerd gewoon het.

Oorlam – Aan die noordelike grens 'n persoon, gewoonlik van Khoi-Khoi-herkoms, wat voorheen in die koloniale diens was.

Opgaaf – Inventaris van vryburgers en vryswartes en hul eiendom vir belastingdoeleindes.

Ordonnansieruiter – Berede polisieman, onderhorig aan die landdros.

Pag – Reg om in sekere kommoditeite handel te dryf; monopolie wat deur die VOC aan pagters verhuur is vir paggeld (letterlik "monopoliegeld").

Plakkaat – Proklamasie met regsgeldigheid in die VOC-era.

Platteland – Landelike gebied; gedurende die 17de en 18de eeu het dit neergekom op die hele binneland van die Kaapkolonie buite die grense van Kaapstad.

Erfpag – Tipe eiendomsreg in die tyd van die VOC wat verblyfreg vir minstens vyftien jaar gewaarborg het.

Renosterbos – Indringerstruik (*Elytropappus rhinocerotis*).

Rekwes – Petisie aan die beleidsraad vir burgerregte, vrylating van slawe, monopolieregte, ens.

Sekundus – Die goewerneur of kommandeur se adjunk; later die luitenant-goewerneur of adjunkgoewerneur.

Segregasie – Term wat uit die Amerikaanse Suide geleen is om 'n beleid van rasseskeiding te benoem.

Slagtersbrief – Brief wat deur slagters of hul bediendes in die plek van kontant betaal is vir beeste of skape wat in die binneland gekoop is. Hierdie briewe moes in Kaapstad gewissel word.

Smous – Rondreisende handelaar.

Sosialisme – Gemeenskaplike of volkseienaarskap van produksie- of verspreidingsmiddele.

Tikvath Israel – Hoop van Israel.

Transport – Akte van oordrag van vaste eiendom.

Trekboer – 'n Halfnomadiese veeboer.

Uitlanders – (Hoofsaaklik) Engelssprekende immigrante in die laat 19e eeu aan die Rand wat teen pres. Paul Kruger se regering gekant was omdat hulle nie kon stem nie en nie burgers van die ZAR (Suid-Afrikaansche Republiek, of Transvaal) kon word nie.

Veldwagter – Polisiebeampte by die drosdy wat die landdros bygestaan het; later ordonnansieruiter.

Veldwagmeester – Vryburgeroffisier van die burgermag in plattelandse gebiede; ook verantwoordelik vir sekere burgerlike administratiewe pligte in die afdeling waar hy aangestel was.

Verkramptes – Aartskonserwatiewe tydens die latere jare van die Nasionale Partybewind.

Verligtes – "Verligte" faksie in die Nasionale Party wat hervorming (maar nie afskaffing nie) van apartheid voorgestaan het.

VOC – Verenigde Oost-Indische Compagnie; die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie.

Volkseie – Sleutelwoord in die apartheidsideologie, wat na spesiale trots op eiesoortige etniese hoedanighede verwys.

Volkskapitalisme – Vorm van kapitalisme wat die behoeftes van die Afrikaners as 'n groep sou pas in hul strewe om 'n deel van die ekonomie in die ondernemersfunksie te bekom.

Volksraad – Parlement van die ZAR (Transvaal); ook die amptelike naam van die laerhuis van die Suid-Afrikaanse Parlement ná 1910.

Volkstaat – Etniese staat vir die Afrikaners.